

SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

Beursinligting



Naam en van:

Universiteit:

Meesters:

Doktoraal:

Postdok:

Studierigting:

**Titel van proefskrif of
Verhandeling:**

Datum van afhandeling:

Uitslag:

Indien u studie nog nie afgehandel is nie op watter datum beplan u om klaar te wees:

Gee asseblief 'n kort opsomming (500 woorde) van u studie en ook die uitkomst van u studie wat die Akademie op hul webblad kan plaas.

Beyers Naudé is bekend vir sy anti-apartheid teologie en aktivisme vanaf die 1960s. Tog voor die periode van sy aktivisme was hy 'n dominee in die NG Kerk, lid van die Afrikaner Broederbond, en vir lank voorstander van die beleid van apartheid. Sy diep gewortelheid in die Afrikaner-establishment het hom 'n unieke plek besorg in die stryd teen apartheid. Hierdie studie poog juis om hierdie paradoks van Afrikaner en struggle-held te ontleed deur 'n in-diepte biografiese werk wat die vormingsjare van Beyers Naudé ondersoek. Sodoende word vasgestel hoe hy tot die punt gekom het om in 1963 die Afrikaner-establishment te verlaat. Daar bestaan reeds genoegsame literatuur oor Naudé se struggle-jare na 1963, waarvan teologiese studies 'n groot meerderheid vorm. Hierdie sekulêre studie fokus juis op die opbou tot Naudé se wegbreek wat strek van sy geboorte in 1915 tot sy laaste preek as NG-dominee in 1963. Deur gebruik te maak van verskeie argivale bronne, asook met die bestaande literatuur oor Naudé, word sy roete noukeurig gevolg deur sy kinderjare (1915-1931), studentejare (1932-1939), vorming as Afrikaner-dominee (1940-1954), en uiteindelik hoe hy van dominee na dissident ontvorm het (1955-1963). Hierdeur word ook gekyk na dimensies van sy vroeë lewe wat nie noodwendig polities van aard is nie, om sodoende 'n meer volronde beeld van 'n 'jong' Beyers te skep. Uit hierdie studie word dit duidelik dat 'n reeks uitwaartse bewegings buite die Afrikaner-establishment hom tot nuwe insigte gebring het oor sy eie oortuiging, sy mense, en onreg. Daar het verandering oor tyd plaasgevind met sekere merkers wat hom tot verdere oortuiging gebring het om 'n nuwe rigting in te slaan deur die Afrikaner-establishment in 1963 te verlaat.